

**22 April**

**Geloof gee jou die groter prentjie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11  
Fokusgedeelte: Hebreërs 11:5, 6**

Elkeen van ons het 'n diep gewortelde begeerte om te verstaan. Die groter prentjie is vir ons verstaan van die lewe geweldig belangrik. Dis amper soos 'n rugbywedstryd. Die groter prentjie is die rede waarom die toeskouers altyd beter weet as die manne op die veld. Hulle sien immers die hele prentjie terwyl die spelers op die veld vaskyk teen die manne rondom hulle.

Geloof gee vir ons as gelowiges die groter prentjie, sodat ons nie hoef vas te kyk teen al die seerkrydinge van ons lewe nie. Deur die geloof verstaan ons dat God die Skepper van die heelal is en jou lewe bedoel is om Hom te behaag. Die Griekse woord vir "behaag" is "*euaresteo*" wat beteken om ekstatiëse vreugde te verskaf. God wil van jou lewe geniet.

Doen dit deur in die geloof deur Jesus Christus met Hom te wandel. Christus se koms, lyde en sterwe is deel van die groter prentjie. Wanneer jy deur die geloof begryp dat God die sin en betekenis van jou lewe is, stel dit jou in staat om met oorgawe te lewe en die wonders van God in jou lewe te beleef soos Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid, en Samuel. Omdat gelowiges die groter prentjie gesien het, het hulle krag ontvang om vir Christus te ly, lyfstraf te verduur, boeie en gevangenskap te ervaar en gebrek te ly.

God is vol vreugde oor hulle wat naby Hom lewe. Hy is nie skaam om hulle God genoem te word nie.

*Sing: Skrifberyming 18-7*

*Ds. Daan Bakker (Boksburg)*